

# Mango orchard management in brief: AUGUST TO OCTOBER

# *Mango-boordbestuur kortliks:* AUGUSTUS TOT OKTOBER

**André Botha**
SUBTROP

## Phenology: Flower, fruit set and beginning of fruit drop
## Fenologie: Blom, vrugset en begin van vrugval

**For all use of chemicals – please refer to the latest registered chemical lists.**
***Met die gebruik van alle chemikalieë – raadpleeg asb. die jongste lys van geregistreerde chemikalieë.***

### FLOWER AND FRUIT COMPLEX SPRAY PROGRAMME / *BLOM- EN VRUGKOMPLEKS SE SPUITPROGRAM*

For the treatment of bacterial **blackspot**, **anthracnose** and **soft brown rot**, e.g. copper oxychloride products @ 250 – 300 g/100 L water together with a wetting agent. Apply first spray 2 weeks after fruit set and repeat every 3 weeks. Alternatively: Azoxystrobin spray on marble size fruit with a concentration of 40 ml/100 L water. Medium cover spray: 800-1 000 L water/ha.

*Vir die behandeling van **bakteriese swartvlek**, **antraknose** en **sagte bruinvrot**, bv. koperoksichloried-produkte @ 250 – 300 g/100 L water saam met 'n benatter. Dien eerste bespuiting 2 weke na vrugset toe en herhaal elke 3 weke. Alternatief: Azoxystrobin-bespuiting op albaster-vruggrootte met 'n konsentrasie van 40 ml/100 L water. Medium dekbespuiting: 800-1 000 L water/ha.*

**Powdery mildew:** e.g. Tetraconazole @ 40 ml/100 L water or Propiconazole @ 20 ml/100 L water. Only to be sprayed on flowers and not on the fruit.

***Poeieragtige meeldou:** bv. Tetraconazole @ 40 ml/100 L water of Propiconazole @ 20 ml/100 L water. Spuit slegs op blomme en nie op vrugte nie.*

### INSECT SPRAYS / *INSEKBESPUITINGS*

Orchard sanitation is important for pest and insect control / *Boordhigiëne is belangrik vir pes- en siektebeheer.*

**Fruit fly:** Monitor the fruit fly population and spray accordingly. Make use of products like GF 120 NF. For indigenous fruit flies (medfly, Natal fruit fly and maroela fruit fly) hang 300 M3α traps per ha, 4 weeks before fruit become susceptible to fruit fly. For the oriental fruit fly hang 6-12 MAT3 traps per ha. Replace every 6 weeks according to the label.

***Vrugtevlieg:** Monitor vrugtevlieggetalle en spuit dienooreenkomstig. Maak gebruik van produkte soos GF 120 NF. Vir inheemse vrugtevlieë (mediterreense, Natal- en maroela-vrugtevlieg) hang 300 M3α-lokvalle per ha, 4 weke voor vrugte vatbaar word vir vrugtevlieg. Vir die Oosterse vrugtevlieg hang 6-12 MAT3-lokvalle per ha. Vervang elke 6 weke volgens etiketaanwysings.*

**Mango weevil:** If Actara was not administered in July/August, spray after first egg laying and repeat after new egg laying.

***Snuitkewer:** Indien Actara nie in Julie/Augustus toegedien was nie, spuit na eerste eierlegging en herhaal na nuwe eierlegging.*

**Thrips:** Monitor citrus thrips on fruit from set to gholfball size. Use bee-friendly chemicals, e.g. Fipronil @ 7.5-10 ml/100 L water.

***Blaaspootjie:** Monitor sitrusblaaspootjie op vrugte van set tot gholfbalgrootte. Beheer met by-vriendelike produkte bv. Fipronil @ 7.5-10 ml/100 L water.*

**Mango scale / *Dopluis* :** Monitor 10 trees/ha for scale crawlers / *Monitor 10 bome/ha vir dopluiskruipers.*

### CUT WINDOWS / *SNOEIVENSTERS*

Prune windows and remove inside growth to improve spray penetration.
*Snoei vensters en verwyder binne-takke vir beter spuitpenetrasie.*

### IRRIGATION / *BESPROEIING*

Irrigation is important, especially in September and October in dry years. The average litres of water needed per day per mature tree:
*Besproeiing is veral belangrik in September en Oktober in droë jare. Gemiddelde liter water nodig per boom per dag vir volwasse bome:*

| | Aug / *Aug* | Sept / *Sep* | Oct / *Okt* |
|---|---|---|---|
| L water/tree/day<br>*L water/boom/dag* | 24-29 | 33-41 | 45-49 |

### FERTILISATION / *BEMESTING*

**Soil and leaf samples / *Grond- en blaarmonsters* (Oct / *Okt*)**
Take leaf samples annually and soil samples biennial for fertiliser recommendations. Take 7-month old mature, hardened-off leafs, but not after a significant rainstorm of more than 50 mm, wait at least 2 weeks then. Take the soil samples from the same trees as the leaf samples, and use the same trees every year.

*Neem blaarmonsters jaarliks en grondmonsters elke tweede jaar vir bemestingsaanbevelings. Kies volwasse afgeharde blare van 7 maande oud, moenie blaarmonsters neem na meer as 50 mm reën nie, wag dan minstens 2 weke. Neem grondmonsters van dieselfde bome as waarvan blaarmonsters geneem word, gebruik elke jaar dieselfde bome.*